

Titel: Volg My
Pastor: Andries van der Merwe
Datum: 10 Oktober 2010
Tyd: 09:00



Jesus se uitnodiging

Mattheus 4:18-20

¹⁸ En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. ¹⁹ En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak. ²⁰ En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg.

Lukas 6:46-49

⁴⁶ En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie? ⁴⁷ Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen Ek sal julle wys soos wie hy is. ⁴⁸ Hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was. ⁴⁹ Maar wie dit hoor en dit nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder fondament op die grond bou, en die stroom het daarteen losgebreek en dit het dadelik geval, en die instorting van daardie huis was groot.

Lukas 6:39-40

³⁹ En Hy het vir hulle 'n gelykenis uitgespreek: 'n Blinde kan tog nie 'n blinde lei nie! Sal hulle nie altwee in die sloot val nie? ⁴⁰ n Leerling is nie bo sy meester nie; maar elkeen wat volleerd is, sal soos sy meester wees.

II Korinthiërs 3:18

¹⁸ En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.

Die Herder lei Sy skape

Johannes 10:14

¹⁴ Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.

Johannes 10:4

⁴ En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.

Psalm 23:4

⁴ Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my...

Mattheus 11:28-30

²⁸ Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. ²⁹ Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; ³⁰ want my juk is sag en my las is lig.